market iq

Publication: Volksblad
Page: 6
Title: Jong dokters se salariseise te hoog vir staat, se minister
Publish Date: 06 February 2024
AVE: 8987.54
Author: Arisa Schamrel

Jong dokters se salariseise te hoog vir staat, sê minister

Arisa Schamrel

Dit is geen geheim dat daar 'n tekort aan dokters in die staatsdiens is nie.

Dié tekort is nie omdat daar 'n gebrek aan gekwalifiseerde dokters is nie, maar eerder omdat intreevlak-dokters verwag om hemelhoë salarisse te verdien en die staat dit nie kan volhou nie.

Dr. Joe Phaahla, minister van gesondheid, het gister op 'n mediasessie erken daar is tamaai druk op die gesondheidsdepartement se finansies, veral nadat die vakbonde 'n 7,5%-verhoging beding het.

Hy sê daar is provinsiale departemente wat tot 70% van hul begroting aan salarisse bestee.

Dit is een van die faktore wat daartoe lei dat minder poste beskikbaar is om dokters aan te stel wat hul internskap en gemeenskapsjaar voltooi het. Dié dokters sit nou by die huis.

Volgens Phaahla kry 'n dokter wat sy gemeenskapsjaar of internskap voltooi R1,2 miljoen tot R1,3 miljoen per jaar, oortyd ingesluit.

'n Dokter wat pas gekwalifiseer is en vir die staat werk, kan om en by R1,4 miljoen tot R1,5 miljoen per jaar verdien, oortyd en betaling vir werk in afgeleë gebiede ingesluit.

Phaahla het dit duidelik gemaak dit is nie die staat se plig om gekwalifiseerde dokters aan te stel nie.

Dr. Angelique Coetzee, lid van die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging, sê indien gekwalifiseerde dokters nie plek in die staat kry nie, wil hulle selde in die privaatpraktyk gaan werk.

"Dit is omdat hulle (die privaatpraktyk) nie dieselfde hemelhoë salarisse as die staat kan betaal nie.

"Jong dokters maak dit duidelik hulle is nie bereidwillig om vir minder te werk nie," sê Coetzee.

Dr. Joe Phaahla, minister van gesondheid. Foto: GALLO IMAGES

Sy sê jong dokters word nie tydens hul studies, internskap of gemeenskapsjaar bemagtig om werk te soek of werk te skep nie.

"As hulle elke maand geld wegsit, het hulle genoeg om 'n praktyk te begin as hulle klaar is of minstens om 'n kleiner lening by die bank te kry.

"Daar is ook 'n tekort aan verpleegsters en onderwysers en in talle ander beroepe. Dokters moet leer om self werk te skep," sê Coetzee.

Prof. André Duvenhage, politieke ontleder aan die Noordwes Universiteit, sê die gemors in gesondheidsorg is 'n simptoom van "mislukte transformasie".

Hy sê dit word veroorsaak deur 'n gebrek aan behoorlike beplanning, 'n tekort aan finansies en aan dokters.

Duvenhage sê die bedrae wat genoem word wat dokters verdien, is buitensporig. Hy voer egter aan dat dokters tydens hul internskap en in hul gemeenskapsjaar en eerste jaar van werk nader aan 80 uur per week werk as aan 40 uur.

Coetzee sê ook daar word onrealistiese verwagtings aan dié dokters gestel en dat hulle te gereeld sonder behoorlike toesig werk.

Dit lei tot meer eise vir mediese nalatigheid.

Die enorme bedrae geld wat aan eise vir mediese nalatigheid bestee word, is juis nog 'n faktor wat daartoe lei dat daar minder beskikbare poste is.

Phaahla sê dit is 'n bose kringloop, want as daar meer dokters is, lei dit tot minder eise en danksy minder eise kan meer dokters aangestel word en broodnodige mediese toerusting bekom word.

Hy sê die R900 miljoen wat net een provinsie aan eise vir mediese nalatigheid moet betaal, is genoeg om al die gekwalifiseerde dokters wat tans by die huis sit, aan te stel. Vakbonde en politieke partye het onlangs gekla dat meer as 800 gekwalifiseerde dokters werkloos is.

Phaahla sê sy departement het bevind dat 692 van dié dokters in aanmerking kom om aangestel te word.

Daar is sedert Oktober verlede jaar 239 poste beskikbaar gestel en daar volg "hopelik" oor die volgende vier maande nog 400, sê hy.

Michele Clarke, DA-LP en -woordvoerder oor gesondheid, sê indien die regering nie dokters kan bekostig en hulle nie behoorlik behandel nie, gaan hulle hul tasse pak en hul "broodnodige vaardighede" oorsee neem.

Sy sê dit gebeur gereeld dat dokters wat deur die staat aangestel is, maande lank nie vir hul dienste betaal word nie.

"Dit gebeur telkemale dat 'n dokter wat besig is met gemeenskapsdiens vir drie maande lank nie betaal word nie," sê Clarke.

Coetzee sê die enigste manier om te verseker dat daar genoeg geld is om dokters aan te stel en te betaal, is om salarisse te verlaag of om die gemeenskapsjaar vir eers te staak sodat die geld herlei kan word.

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.